


DIE RAND IS UITSONDERLIK



'n Gehekelde filetlap wat beslis jou moeite sal loon

DIAGRAM



FILETLAP

BENODIGDHEDE: Ongeveer 50 g Coats Chain-Mercer Nr. 10 (25-g-bolle); hekelpen van 1,25 mm.

SLEUTEL TOT DIAGRAM

□ — spasie, d.w.s. 1 langbeen om te begin, dan *2 kettingsteke, 1 langbeen vir elke spasie wat benodig word.

■ — blokkie, d.w.s. 1 langbeen om te begin, dan *2 langbene in 2 kettingsteke of 2 langbene van vorige ry, 1 langbeen om blokkie mee af te sluit.

⌞ — laset, d.w.s. 1 langbeen om te begin, dan *2 kettingsteke, slaan 2 steke oor, 1 kortbeen in langbeen tussen twee spasies of blokkies, 2 kettingsteke, 1 langbeen om laset mee af te sluit.

⌞ — bokant 'n laset word só te werk

gegaan: 1 langbeen in langbeen, 5 kettingsteke, d.w.s. 2 kettingsteke vir eerste spasie, 1 vir kort- of langbeen in middel, 2 kettingsteke vir tweede spasie, en langbeen om mee af te sluit. In die volgende ry word dan weer blokkies, spasies of lasette bokant dié dubbele spasie gehekel soos reeds uiteengesit.

AANWYSINGS: Omdat die lap se rand nie reguit is nie, word met die hekelwerk begin deur segmente van ses rye elk te hekel wat met kettingsteke aanmekaargehekel word, net voor die sewende ry gehekel word.

Begin dus by 'n hoek en hekel die ses rye wat grys ingekleur is op die diagram. Plaas die segment eenkant. Hekel nou die middelste segment (ses rye), wat ook grys ingekleur is op die diagram, en plaas dié ook eenkant. Hekel nou die ses rye van tweede hoek wat grys ingekleur is op die diagram, en

hekel 27 kettingsteke aan einde daarvan, wat in sewende ry die basis van die spasies wat op diagram gesien kan word, sal vorm, en heg middelste segment met 'n glipsteek daaraan vas. Hekel aan teenoorgestelde kant van middelste segment ook 27 kettingsteke om basis vir spasies wat volgens diagram in sewende ry gehekel gaan word, te vorm, en hekel oorblywende hoeksegment aan kettingsteke vas met 'n glipsteek. Hekel nou heen en weer volgens diagram, sodat syrande van lap deur die lengte van die rye gevorm word, tot by stippellyn op diagram wat middellyn van lap aandui. Draai diagram om en hekel van middellyn af voort om oorblywende helfte soos 'n spieëlbeeld van eerste helfte te voltooi, en eindig af deur segmente weer een-een te hekel om met segmente aan begin ooreen te stem.

Speld voltooide lap oop, maak met water klam en laat droog word.